

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968 www.onskontrei.co.za
28 NOVEMBER 2025 - JAARGANG 57-1704 R7.00 Inklusief
Telefoon: 027 213 2074 E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
26 November 2025 - 83.35%
26 November 2024 - 97.99%
Reënval vir die week:
Geen

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Gemeenskappe hou stille protes



Gemeenskapslede en aktiviste het voor Vredendal hof bymeekaargekom. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Annemarie Munnik.

Lees binne:

Veediefstal 'n probleem bl 2	Gemeenskap stap vir kanker bl 5	Stigter word onthou bl 8
---	---	--

Weervoorspelling vir die week
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
MBD Begrafnisdienste
Vredendal

Don. 27/11 16°/35°	Vry. 28/11 15°/29°	Sat. 29/11 16°/29°	Son. 30/11 14°/35°
Ma. 01/12 16°/36°	Di. 02/12 15°/35°	Wo. 03/12 18°/35°	Inligting verkry vanaf AccuWeather 26 Nov. 2025

NEEM KENNIS

Alle drukwerk bestellings moet geplaas word voor
3 Desember 2025 om dit voor 17 Desember te ontvang.
Ons kantore sluit
18 Desember en open 12 Januarie 2026.

PROTEA DRUKKERY Centralstraat 8, Vredendal, Tel: 027 213 2074
info.onskontrei1@gmail.com of ads2.onskontrei@gmail.com

AKTUELE NUUS

Ontvoeringsaak afgehandel Man in Khayelitsha vermoor

Berig: Adjudant-offisier
Jannie Louw

LAMBERTSBAAI: 'n Groepie kinders het 20 Mei 2023 omstreeks 19:00 oudergewoonte in Van Zylstraat gespeel. Een van die kinders het klip gegooi en 'n nabygeleë woning se motorhuis se venster stukkend gegooi. Die eienaar van die woning het kwaad geraak omrede haar voertuig in die motorhuis staan en het besluit om die reg in eie hande te neem. Sy konfronteer toe die kinders en hulle laat spat. Sy het een van hulle gevang en hom toe na bewering in die motorhuis toegemaak om sy ouers te gaan soek. In die proses het van die gemeenskapslede egter verneem wat aangaan en die SAPD ontbied. Met aankoms op die toneel was die ma van die seun ook daar en het hulle aan die beampte genoem dat die seun moontlik in die motorhuis aangehou word. Die eienaar van die woning was op daardie stadium elders op soek na die ma van die kind. Die beampte het toe gesien die motorhuis is gesluit met 'n slot en die sleutel gekry

by een van die huismense. Met die oopsluit van die motorhuis kry hulle toe die 5-jarige seun daarbinne. Hy het beweer dat die verdagte vrou sy klere geskeur het en hom aangerand het. Die baie ervare adjudant-offisier Theo Maarman van Vredendal se Gesins-, Kinder- en Seksuele Oortredings- Ondersoekkeenheid is aangestel as die ondersoekbeampte. Op 14 November bevind die streekshof op Clanwilliam dan die 48-jarige vrou van Lambertsbaai skuldig aan ontvoering gebaseer op die feit dat sy die kind onregmatig van sy vryheid ontnem het deur hom toe te sluit in die motorhuis. Sy is gevonnissen tot 12 maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort is vir 5 jaar op die voorwaarde dat sy nie weer skuldig bevind word aan 'n soortgelyke oortreding nie. Graag word die publiek versoek om nie toe te gee aan die versoeking om reg in eie hande te probeer neem nie. Die gevolge kan verreikend wees.

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: Konstabel AG Nell het op Sondag, 23 November om 01:15 'n klagte ontvang van 'n bakleiery in Khayelitsha. Met sy aankoms op die toneel was daar 'n klomp mense. Die omstanders het aan Nell twee persone uitgewys wat meswonde opgedoen het. Die twee persone is in 'n privaat motor na die hospitaal geneem. Die SAPD het hulle gevolg. Toe die slagoffers by die hospitaal aankom, het die dokter aan diens een persoon dood verklaar. Al die rolspelers, asook die ondersoekbeampte is gekontak. Op daardie stadium was daar geen ooggetuies nie. Die oordelene se liggaam is deur forensies na Vredendal geneem vir 'n nadoodse ondersoek. Die moordtoneel is deur die ondersoekbeampte, speurder-sersant Ntlangula besoek. Die vingerafdrukdeskundiges was ook op die toneel om foto's te neem. Later

die middag is ooggetuies ondervra en 4 verklarings is afgeleë. Die een ooggetuie het gesê hy was in sy hok besig om televisie te kyk. Hy het uitgegaan om te urineer. Toe hy buite kom was daar twee mans voor sy hok; een het gestaan en eers het op die grond gelê. Hulle was beide met 'n skerp voorwerp gesteek. Die een wat staande was kon die ander een identifiseer. Die eienaar het gegaan om 'n geleentheid te soek sodat die mense hospitaal toe geneem kan word. Die een wat staande was, is vermoedelik die verdagte. Die moontlike verdagte in die saak is deur die omstanders aangerand en hy is met ernstige beserings in die hospitaal opgeneem. Hy het vermoedelik kopbeserings opgedoen sowel as beserings aan sy lyf. Hy moes gaan vir 'n skandering. Sodra dit gedoen is, sal hy ondervra word. Die wapen kon nie opgespoor word nie. Die saak word verder ondersoek.

Plaaslike onderneming bring bekostigbare kwaliteit

Persverklaring

LOERIESFONTEIN: Met die ondersteuning van 'n plaaslike ondernemingsontwikkelingstoelaag kan GRH Enterprise bekostigbare, kwaliteit kruideniersware vir die mense van Loeriesfontein verskaf. Die onderneming, wat verlede jaar deur drie plaaslike entrepreneurs, Gert Cloete, Rebba Beukes en Hilmeree Beukes, geopen is, maak reeds 'n meetbare impak deur te help om huishoudelike uitgawes te verminder en by te dra tot die dorp se groeiende kleinsake-sektor. "Ons is trots om 'n winkel te bestuur wat nie net noodsaaklike produkte aan ons gemeenskap verskaf nie, maar ook plaaslike verskaffers ondersteun. Ons kon 'n werklike verskil maak in die lewens van ons klante, waarvan baie uit benadeelde agtergronde kom. Ons besigheid is meer as net 'n winkel dit het 'n spilpunt vir die gemeenskap geword," sê Gert Cloete, medestigter van GRH Enterprise. Met ondersteuning van die Loeriesfontein en Khobab Windplase se Asset-

Based Community Development (ABCD) Toelaagbefondsing, is die winkel geopen om 'n kritieke gemeenskapsbehoefte aan te spreek, naamlik toegang tot kwaliteit koevleis-produkte en daaglikse noodsaaklikhede teen bekostigbare pryse. Die besigheid bied 'n verskeidenheid kruideniersware aan, insluitend vars produkte en huishoudelike noodsaaklikhede. Die spaza is sentraal geleë, wat dit maklik toeganklik maak vir gemeenskapslede. In net 'n paar maande het GRH Enterprise reeds goeie vordering getoon en funksioneer dit as 'n volhoubare, gemeenskapsgerigte besigheid wat nie net plaaslike huishoudings ondersteun nie, maar ook tot die plaaslike ekonomie bydra. "Deur ons ABCD-toelaagprogram is ons trots om entrepreneurs soos die span agter GRH Enterprise te ondersteun, wat plaaslike behoeftes identifiseer en dit omskep in blywende gemeenskapsoplossings," sê Vanessa Fredericks, Ekonomiese Ontwikkeling Bestuurder vir Loeriesfontein en Khobab Windplase.

Veediefstal steeds 'n probleem

Berig: Annemarie Munnik

VANRHYNSDORP: Die SAPD rig 'n versoek aan veeprodusente, sowel as kleinboere. Onlangs het verskeie produsente in die omgewing weer deurgeloopt onder veediefstal. Kaptein Gerrit Ludick van Vanrhynsdorp SAPD maan produsente om meer bedag te wees en maatreëls in plek te stel om veediefstal te verhoed. Ludick sê Vrydagaand, 21 November is daar op 'n plaas in Rivierkantstraat twee skape gesterel en op die plaas geslag. Op dieselfde plaas is verlede Vrydagaand ook 'n dragtige ooi gesterel en geslag. Beide sake word deur die SAPD ondersoek.

Verder is daar die afgelope maand op twee nabygeleë plase buite die dorp ook skape gesterel en geslag. Arrestasies het gevolg en die een saak is tans op die hofrol te Vanrhynsdorp. Die ondersoekbeampte is speur-sersant Legget van die Veediefstal en Bedreigde Spesies Eenheid in Malmesbury. Hy kan gekontak word by 082 469 7358. Inligting sal as vertroulik hanteer word. Ludick waarsku ook die publiek om nie gesteelde vleis aan te koop by persone wat hul weet nie skape besit of daarmee boer nie. Persone wat gesteelde vleis koop kan ook aangekla word.

SAPD stuit drankverkope

Berig: Kaptein Ludick

VANRHYNSDORP: Die plaaslike SAPD het weer die rug van dranksmokkelaars op Vanrhynsdorp gebreek. Saterdag, 22 November is daar operasies deur die SAPD uitgevoer teen dranksmokkelaars op die plase, sowel as in die dorp. Die operasie is gelei deur kaptein Gerrit Ludick. Een arrestasie het op die plaas gevolg en een op die dorp vir die verkoop van drank sonder 'n lisensie of vrystelling. Beide beskuldigdes het op Maandag, 24 November in die hof op Klawer verskyn. Die lede betrokke by die operasies word bedank vir hul deelname en die publiek

word gemaan om nie drank te verkoop sonder 'n lisensie of vrystelling nie. Dit bly 'n misdaad en is strafbaar deur die hof.



Van die drank waarop beslag gelê is.

Farmers Market
at Makoppa

SAT. 29 NOVEMBER 2025
10am - 3pm
BACKGROUND MUSIC

Fresh Oysters | Bar | Wine Tasting
Pancakes | Jaffels | Boerewors rolls
Preserves | Pottery | Parka Jackets
Wooden Toys | Fresh Local Produce
Home-Made Bread | Tripe
Jumping Castle & Kids Playground

For more information:
083 370 0400 | makoppafarm@gmail.com
www.facebook.com/MakoppaMarket
5km South of Lambert's Bay, opposite Muisboskerm

NGK GRAAFWATER BASAAR

KERKSAAL
10:00 - 13:00

29 NOV 2025

- Braaivleis & slaai (wegneem)
- Verpakte rou vleis
- Kraakvars groente en vrugte
- Vars gebak: brood, beskuit, koekies, koeke en terte
- Jaffels & vetkoek
- Pannekoek - BRING EIE HOUERS
- Heerlike poeding
- Koffie / tee met 'n muffin
- Yskoue koeldrank

MOENIE MISLOOP NIE:

- Wit Olifant tafel
- Kindertafel vol bederfies en speeltjies
- LOOTJIES!
- DIE VEILING!

Vir meer inligting:
Kontak die Skriba
084 806 7821
ngkgraaf@gmail.com

Radio Namakwaland
Straatete

29 Nov. 2025

NG Kerk Vredendal
parkeerterrein

18:30 vir 19:00

Drie gang maal / Tafelwyn gratis
R300 per persoon
Kontak At Strydom- 083 733 3002

Kieries, Koele & Klets

Sederhof Residensiële Fasiliteit vir Ouer Persone

SAT, 29 NOV 2025 VANAF 10:30
Braaivleis-kuier-geleentheid
@ R150PP
Eie koelboks welkom

Kom geniet 'n heerlike middag van kuier en klets saam met die kleriebrigade! Bespreek jou ete en sluit aan by die inwoners vir gesellige geselsies oor toeka en nou — op die koop toe gratis advies en baie lag daarby. Ons vier die jaar se seëninge en is opreg dankbaar vir alles wat ons het.

Spyshaar:
Shaaptjops, wors, roosterkoek, 'n verskeidenheid slaai, groente en poeding!
Navrae: 027 482 2151 'n MOET saamkuier!

BEPERKTE KAARTJIES BESKIKBAAR KOOP NOU!

Kaartjies: 082 881 2459 of 067 088 6969

Organisasies staan saam teen GBV

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: Iets pragtig in stille protes het Vrydag, 21 November in Clanwilliam gebeur. Die nie-winsgewende organisasie Safer Kids het skouer aan skouer met dapper gemeenskapsleiers teen gemeenskapgebaseerde geweld teen vroue en kinders gestaan. Daar was geen drama nie. Almal het hande vasgehou, ruimte en die lyn gehou vir elke vrou, meisie en oorlewende wat ooit vertel is dat hulle pyn nie saak maak nie. "Ons het gestaan vir elkeen wat nie kon staan nie. Ons het gestaan omdat stilte in die aangesig van geweld nie meer 'n opsie is nie," het Colin Don Schouw gesê. Verteenwoordigers van die SAPD, Badisa, burgemeester Axrial Scheepers, raadslid Maxwell Heins, Women for

Change, eerwaarde Sharon Goliath, WKDM, Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, GPF en ander wat solidariteit bo gemak gekies het, het die oggend se verrigtinge bygevoeg. Schouw sê die dag se stil krag het harder gepraat as wat enige mikrofoon ooit kon doen. Volgens hom is dit nie die einde nie, maar 'n belofte. "As jy glo dat niemand in vrees in hul eie huis, werksplek of gemeenskap moet leef nie, sluit by ons aan. Saam kan ons stilte in veiligheid verander," sê Schouw. Schouw bedank elke leier en verteenwoordiger wat opgedaag het en hul teenwoordigheid aan die heilige oomblik gewy het.



Protesgangers vat hande onder die Clanwilliam son.



Van die protesgangers saam met amptenare van Vredendal hof.

Stille protes teen geslagsgebaseerde geweld

Berig en foto: Annemarie Munnik

MATZIKAMA: Die nie-winsgewende organisasie Woman for Change het Vrydag, 21 November 'n bewusmakingsoptog regoor Suid-Afrika gereël om teen geslagsgebaseerde geweld op te staan en Matzikama het daaraan deelgeneem. 'n Groep inwoners en aktiviste van Vredendal wat aan die "Silent Protest" deelgeneem het, het vanaf Vredendal SAPD tot by die hof gestap. Die groep het aan die SAPD en die hof 'n GBV memorandum oorhandig. Die name van vroue wat as gevolg van geslagsgebaseerde geweld gesterf het, is uitgelees. 'n Oomblik van stilte is gehou om hierdie vroue te onthou. In Lutzville het Lutzville Gemeenskap Organisasie, West Coast Forum in samewerking met Lutzville SAPD en GBV ambassadeurs ook voor Lutzville hof ver-

gader. Hulle het gebreide beertjies aan die GBV ambassadeurs, Jane Skippers en Katrina Maasdorp oorhandig. Selfs in Doringbaai het 'n klein groepie inwoners deelgeneem. Die inwoners het soos baie ander in ons land, 15 minute saam op die gras gelê, om aan die ongeveer 15 vroue te dink wat elke dag in Suid-Afrika aan geslagsgeweld sterf. Saam het hulle vir elke dogter, ma en suster gestaan wie se hulpkreet geïgnoreer is. Die doel van die landswye protes was 'n eis dat geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord tot 'n nasionale ramp verklaar word. Later die dag het die Suid-Afrikaanse regering amptelik geslagsgebaseerde geweld tot 'n nasionale ramp verklaar.

Public Notice

ESKOM HOLDINGS SOC LTD REQUEST FOR PROPOSAL (RFP)

Eskom invites suitably qualified service providers to submit proposals for the following:

Tender Title: Design and Construction of Electric Vehicle Charging Infrastructure System at Sere Wind Farm.

Tender Number: EI70IGXSWFR

Scope: Design and Construction of Electric Vehicle Charging Infrastructure System.

Contract Period: 6 Months

Closing Date for Submissions: 10 December 2025 at 10h00 AM.

Submission Method: Electronically via E-Tender Portal an Eskom Tender bulletin site
<https://tenderbulletin.eskom.co.za/search?query=EI70IGXSWFR&page=1&pageSize=5>

Tender documents are available for download at
<https://tenderbulletin.eskom.co.za/search?query=EI70IGXSWFR&page=1&pageSize=5>

All enquiries must be directed to: Contact Person: Noma Mphaga
Email: MphagaNC@eskom.co.za
Telephone: +27 11 411 6502

Eskom reserves the right not to make an award and to withdraw the tender at any time.

Openbare Kennisgewing

ESKOM HOLDINGS SOC LTD VERSOEK OM VOORSTEL (RFP)

Eskom nooi geskikte en gekwalifiseerde diensverskaffers uit om voorstelle vir die volgende in te dien:

Tender Titel: Voorsiening van ontwerp en Konstruksie van 'n Elektriese Voertuig Laaistase-Infrastruktuurstelsel by Sere Windplaas.

Tendernommer: EI70IGXSWFR

Omvang: Ontwerp en Konstruksie van 'n Elektriese Voertuig Laaistase-Infrastruktuurstelsel.

Kontraktydper: 6 Maande

Sluitingsdatum vir inskrywings: 10 Desember 2025 om 10h00 VM.

Wyse van indiening: Elektronies via die E-Tenderportaal
<https://tenderbulletin.eskom.co.za/search?query=EI70IGXSWFR&page=1&pageSize=5>

Tenderdokumente is beskikbaar vir aflaai by:
<https://tenderbulletin.eskom.co.za/search?query=EI70IGXSWFR&page=1&pageSize=5>

Alle navrae moet gerig word aan: Kontakpersoon: Noma Mphaga
E-pos: MphagaNC@eskom.co.za
Telefoon: +27 11 411 6502

Eskom behou die reg voor om geen toekenning te maak nie en om die tender te eniger tyd terug te trek.

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums
na info.onskontrei1@gmail.com

LAMBERTSBAAL:
VGKSA Basaar naweek
28 tot 29 November
VGK Lambertsbaai
Navrae: 078 724 7561

VREDENDAL:
Radio Namakwaland Straatete
Saterdag, 29 November
18:30 vir 19:00
NG Kerk Vredendal parkeerterrein

GRAAFWATER:
NG Kerk Basaar
Saterdag, 29 November
10:00 - 13:00
NG Kerkzaal

DORINGBAAL:
Flinke Pikkewytjies
Talent Show
Saterdag, 29 November
Doringbaai Sportgronde

CLANWILLIAM:
Kieries, Kole & Kleis
Saterdag, 29 November
vanaf 10:30
Sederhof Tehuis
Navrae: 082 881 2459
of 067 088 6969

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei
Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei1@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
027 213 2074
acc.onskontrei1@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Die engele, sing, prys, loof en aanbid God

Teksvers - Openbaring 5:11-13

Die engele word in die Psalms (148:2 en 103:20) opgeroep om saam met die hele skepping tot God se eer te sing. In Job 38:7 hoor ons dat hulle by die skepping van die wêreld gesing het. Dan hoor ons in Lukas 2:8-14 dat die geboorte van Jesus deur engelesang gekenmerk word. Die goeie tyding kon net deur die een engel aan die herders vertel word, maar dit kom ook deur 'n menigte engele wat as 'n koor saamsing, wat deur al die herders gehoor kan word. En nou lees ons in Openbaring 5 van die engele wat voor die troon van God sing.

Die hemelse koor besing die lof van Jesus

saam. Die nederige Jesus wat Jerusalem op 'n donkievl binnegery het, is Koning van die heelal! Hy sit op die hemeltroon geklee met heerlikheid. Hy is waardig om die boeke oop te maak en die ganse mensdom te oordeel. Die Een wat geslag is vir hulle sondes, is nou die Regter wat die name van dié wat gered is, gaan uitroep. Die goue bakke met die wierook van die gelowiges se gebede word nadergebring, 24 ouderlinge kniel voor Hom neer. Elkeen met 'n siter byderhand. Hulle sing 'n nuwe lied, hulle prys Hom omdat Hy waardig is om die boeke oop te maak, want Hy is geslag en met sy bloed is mense vir God losgekoop uit elke stam en taal en volk en na-

sie. Duisende miljoene engele sing saam. Hulle herhaal die pryslied: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang!" (Op. 5:12).

So begin die gesig wat Johannes sien van die verheerliking van Jesus en die laaste oordeel wat voltrek word, 'n oordeel wa ons nie hoef te vrees nie, want ons is skoongewas in sy bloed. Hier op aarde is daar van ons wat hartseer ken, wat vervolging ken en hongersnood en pyn en oorlog en siekte en dood, wat stil geword het en treurliedere sing, maar wat die kiem van vreugde diep in ons dra, vreugde wat eendag weer sal ontwaak.

Doktor De Wet Saaiman

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Slim, 'n mistiese betekenis

Ek dink somer, met alles wat so skeefloop by Matzikama Munisipaliteit - word die woord 'slim' toegevoeg tot ons spreektaal. 'Slim' het nog altyd vir my 'n mistiese betekenis gehad. Nou, omdat die mense nie meer die mas kan opkom nie - word 'slim' se baas aangestel om alles te laat beter lyk. My moeder (veilig by Jesus), het altyd gesê 'slim' vang sy baas. Nou nadat

die elektriese 'slim' meters amper klaar geïnstalleer is, hoor ons nou van water 'slim' meters. Maar intussen en deur al die 'slim' planne, het die munisipaliteit nog minder beheer oor sy werkerskorps. As die hele werkerskorps lyk soos dit op Klawer lyk, kan ek 100% verstaan waarom alles so agteruitgaan! Geen toesighouers, geen werkers in sig, geen dienste gelewer. Ek wag

nogal in opgewondenheid om te hoor wanneer 'slim' werkers in diens gestel gaan word. Natuurlik moet alles mos met tyd infaseer word - dus moet ons maar op die geagte raadslid wag wat deurentyd inligting aan ons verskaf oor gebeure, op die pas en, ja, natuurlik - oor pypbreuke en kragonderbrekings. Die munisipaliteit se 'slim' planne kan nogal wilde draaie gaan maak, veral met al die 'slim' denkbare wat om die tafel sit. Sal net moet oppas vir 'slim' wat sy baas gaan vang!

Dr SP Tredoux

Hulpkreet aan minister

Geagte doktor Anton Bredell. Verwysing na; Die Bedryf, Bestuur en Beheer van die Matzikama Munisipaliteit. Ek moet nou maar soos die vrou in die Bybel gemaak het met die onregverdige regter - aangehou en aangehou, totdat hy moedeloos geword het en toegegee het aan haar aanhoudendheid. Ek wil nie moeilik wees nie - maar regtig!!! Ons hele gebied is besig om in die afgrond in bedryf te word. Alles gaan agteruit, verswak en stort in duie. My skrywes aan u word wel erken deur u sekretaresse en aangestuur na die Munisipale Bestuurder. Dit beteken NIKS - hy vertel stories aan u en die beste van alles - u glo hom!! Wil u nie maar net luister na ons verhoë nie; net

ag gee aan die klagtes. Besef net - ons eiendom se waardes word verswak deurdat ons dorpe lyk soos tans. Verskonings van onversorgde strate, vuil water, swak geregleerde riool en bestuur van afval. Dink net: hoe sou u gevoel het om so te woon en gefrustreerd te wees.

Ek was Sondag by 'n swemgala in Malmesbury en die vorige week in Moorreesburg en dalk weet u dit nie - Netheid en Goeie beheer Skitter. Waarom moet ons so sukkel met onbevoegde beheervoerende beamptes? Almal juig as die DA WEN - maar weet dat dit BAIE swak reflekteer teenoor die ander DA bestuurde dorpe. Wat leer u hieruit - Moenie sê jy weet nie! Die hele administratiewe bedryf van die munisipaliteit stink van 'ONBEVOEGDE

'mense. Geen bevoegde persone is in beheervoerende poste. Geen dissipline kan toegepas word nie, omdat die 'kop' reeds vrot is.

Amptenare werk nie - hulle teken soggens aan en verdwyn dan, om 15:30 weer 'uit te val'. Ek sien die pragtig versorgde swembad in Malmesbury. Waarom lyk dit so en waarom is daar amptenare teenwoordig wat dit skoonmaak en netjies hou? Waarom is die strate goed versorg? Waarom is die dorp sonder vullis? Waarom? Waarom? Waarom gee u nie aandag aan ons verhoë nie? Waarom moet ons so soebat en soebat en sukkel? Doen iets - Al sê u net iets! Dit sou wonderlik wees om van u 'n konstruktiewe antwoord en plan te ontvang.

Dr SP Tredoux

Inwoners meegevoer deur musiekuitvoering

Die hele eetsaal sit vol ooms en tannies gereed vir die beloofde konsert aangebied deur die personeel en bestuur van Vredendal Tehuis vir Bejaardes. Nadat matrone Anina die seremoniemeester voorgestel het, heet hy almal welkom, en daar word dadelik begin met 'n musiekuitvoering deur J Ryk.

Haar ryk altstem bekoor ons behoorlik. Die versorgers trakteer ons daarna op geestelike lieder, en hulle kan sing! Hul lywe swaai saam met die mooi melodieuse sang. Mens kan nie help om te glo die Here is in musiek nie. Die lywe swaai is 'n vorm van aanbidding. Laat mens dink aan die Israeliese koning Dawid wat so met oorgawe gedans het op aanbiddingsmusiek. Daar word van klankopnames gebruik gemaak, en die musiek is baie mooi. Ons swaai ook amper saam. Die poppekas deur Susan Carstens was groot

pret.

Mejuffrou C Barnes lewer besondere mooi sang met haar pragtige ryk altstem. Daarna kom Melt van der Spuy aan die woord om ons aan alledaagse waarhede te herinner.

Die tradisionele Kersspels met engele en herders word opgevoer deur die Trappies Dagsorg kinders, van graad eentjies tot die groter span. Die Heilige Pinkster Sondagsskool voer daarna die tradisionele kersspels uit met engele en herders. Die Griekwa Palmied Jeug se sang daarna was die mooiste afsluiting van die pragtige aand. 'n Baie groot dank aan die personeel en bestuur van Vredendal Tehuis vir al die moeite en harde werk wat hul ingesit het. Die dag is afgesluit met heerlike eetgoed en ysies, asook 'n braaiete.

- Julene Stephan

"In the end, it's
not the years in
your life that
count.
It's the life in
your
years." -
Abraham Lincoln

AKTUELE NUUS

EMS stap vir kanker

Berig: Mariaan Smuts
Foto's: Verskaf

CLANWILLIAM: Clanwilliam Mediese Nooddiens en Redding het Saterdag, 22 November 'n 5 km staptog vir kanker gehou. Die stap het plaasgevind in samewerking met die distrik en plaaslike brandweer, wetstoepassers, die plaaslike verkeer, die SAPD, Clanwilliam Hospitaal se personeel en die plaaslike kliniekpersoneel.

Hulle het almal by die EMS geboue bymekaargekom waar Maxwell Heins die opening en verwelkoming waargeneem het. Na die opening om 08:00, het almal deur die strate van Clanwilliam gestap onder begeleiding van die nooddiensvoertuie, Cederberg Brandweer, die plaaslike verkeer en SAPD. Die staptog het hulle deur Hoofstraat, Graafwaterweg, Rev Brookstraat, Skoolstraat, Hospitaalstraat en Ou Kaapse Weg tot by die Clanwilliamdam-Oord geneem.

Die staptog was spesifiek gemik op mangesondheid en prostaatkanker. Ander tipes kanker is ook uitgebeeld deur middel van die kleure T-hemde wat die stappers gedra het. Hulle het geel vir Melanoom -, blou vir Nier-, groen vir Derm-, swart vir Limfoom-, blou en pienk



Stappers voor die EMS geboue.

vir Bors- en pienk vir prostaatkanker uitgebeeld. Daar is so baie mense wat 'n stryd teen kanker voer, oorwin en die stryd teen kanker verloor het. Kanker is deel van elkeen se daaglikse lewe en niemand weet wanneer dit jou persoonlik gaan raak nie. Kankerlyers het 'n sterk ondersteuners-

netwerk nodig. Die doel van die stap was om dit onder elkeen se aandag te bring met die leuse: "Friends will never let friends and family walk alone in this fight."

Die organiseerders bedank almal wat saam gestap het en elke donateur vir hul skenkings. Geldelike bydraes en inskry-

wingsfooie van R10 per persoon is aan CANSA geskenk. Die EMS personeel beplan om dit 'n jaarlikse instelling te maak en hoop dat die hele gemeenskap van Clanwilliam deel daarvan sal word.

Goeie vooruitsig vir seisoen

Berig en foto: Annemarie Munnik

MATZIKAMA: Met 'n warm November en wingerde wat tans lowergroen staan, lyk die vooruitsigte sover goed vir wynprodusente.

Klaas Coetzee van Vinpro sê die vroeë kultivars het klaar geblom en is tussen vuurhoutjiekop en ertjekorrel-grootte. Laat kultivars soos hanepoot blom nog. Die hitte het sover nog geen skade veroorsaak nie en die wingerde groei en lyk baie goed op dié stadium.

Landbouprodusente vra normaalweg meer water aan vir warm weke en hou die grond nat. Coetzee sê ryrigting met vestiging, word aangepas om meer ooswes georiënteerd te wees sodat die son op die rug van die ry oor beweeg. Noord-suid wingerde is meer geneig tot sonbrand.



Die spesifieke risiko's wat hoë temperatuur vir wingerdstokke en die wyngehalte inhou soos met die 2024/2025 seisoen waar produsente 'n koel voor-somer gehad het, kan skielike hitte soos met 25 Desember 2024 baie sonbrandskade veroorsaak, omdat die plante nie aan die warm toestande gewoond is nie.

Laastens is produsente baie positief oor die komende seisoen. "Die oes lyk goed en pryse is nog stabiel," sluit Coetzee af.



Clanwilliam EMS personeel.

MASKAM CASH

Dorpstraat, Vredendal

027 213 3249

Kort op kontant?

Ons kan help!

Om te sien of u

kwalifiseer bring die

volgende dokumente

SASSA Trekkers:

ID afskrif, betaalstrokie

Salaris Trekkers:

ID afskrif, salaristrokke &

3 maande bankstaat

*Terme en Voorwaardes geld

ELRIETHA OLIVIER

AUDIOLOGIST / AUDIOLOOG

B. SPEECH THERAPY & AUDIOLOGY: M.TH (US)

www.hearingsa.com

elrietha@gmail.com

0729067198



WESKUS: WESMED
17 VOORTREKKER
VREDENBURG

- GEHOORTOETSE (VOLWASSENES/KINDERS)
- GEHOORAPPARATE
- GEHOORBESKERMING, SWEMPROPPE
- GESELS OOR WAT U BENODIG VIR BETER GEHOOR EN BALANS

- HEARING TESTS (ADULTS/CHILDREN)
- HEARING AIDS
- HEARING PROTECTION, SWIM PLUGS
- DISCUSS YOUR NEEDS FOR BETTER HEARING AND BALANCE

Matzi Music Festival

LIVE MUSIC • CAR SHOW • FOOD

MUSIC BY:

TEMPLE BOYS, TWIN SPINZ AND MICRO JASTON SPRINGBOOM VS WOLVES ON BIG SCREEN

FRIDAY & SATURDAY 28 & 29 NOVEMBER 2025

VREDENDAL NORTH SPORTS GROUNDS

CONTACT NUMBER: 067 738 7695

Strandfontein Kersmark

Munisipale saal

5 - 20 DESEMBER 2025

Vry. 5de: 09:00 - 18:00 Mooi-goed
Sat. 6de: 09:00 - 16:00 Nuis-goed
Sondag: Geen mark tet-goed

Ma. 8ste - Don. 11de Speel-goed
09:00 - 18:00 Hou-goed

Vry. 12 Des (AANDMARK) 09:00 - 20:00
Sat. 13 Des: 08:00 - 15:00
BASAAR

Ma. 15 Des - Vry. 19 Des
09:00 - 18:00

Sat. 20 Des: 09:00 - 14:00

Navrae:
082 882 6434

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

29 AKKOMMODASIE

DURBANVILLE: Veilige akkommodasie. Self-sorgwoonstel ten volle toegerus. 1Km vanaf Durbanville Medi Clinic. Netjies, swembad & braaipatio, DSTV, Wi-Fi. Billikste pryse gewaarborg. Skakel Mev van Niekerk by 083 648 5858 of WhatsApp 065 528 6305.

30 TE HUUR

VREDENDAL: 3 Slpk woonhuis, 2 km buite dorp. Beskikbaar 1 Januarie, huur R6650 per maand. Skakel 064 752 7091.



PASELLA ADS
WORD GRATIS
GEPLAAS
Geen handelaars.

Slegs 10 woorde per
advertensie word
toegelaat.

LATSKY
LOUIS GEORGE
28/04/1939 - 24/11/2025



Diens vind plaas te NG Kerk Vanrhynsdorp op Maandag 01 Desember 2025.
Teraardebesteding te Vanrhynsdorp Begraafplaas.



Commercialstraat
Vanrhynsdorp
Tel: 027 219 1170

MBD
ONS GEE OM
Begrafnisdienste
Vredendal
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

Begrafniskennisgewings

SCHEEPERS
ANDRIES

14/12/1970 – 14/11/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag
29 November 2025 in die Stoor op Nabygelegen
Plaas, Spruitdrift om 09:00.
Teraardebesteding Vredendal-Suid.

SKIPPERS
JASON JUSTIN

15/08/1971 – 20/11/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag
29 November 2025 vanuit die huis te
Gousblomstraat 1366, Vanrhynsdorp om 09:00.
Teraardebesteding, Maskamsig Begraafplaas,
Vanrhynsdorp.

SMIT
HENDRIK

20/02/1952 – 16/11/2025

Begrafnisdien vind plaas op Sondag
30 November 2025 vanuit die huis te
Vleituin Plaas om 09:00.
Teraardebesteding Vredendal – Suid Begraafplaas.

Laerskool Vredendal se sterre skitter

Berig en foto's: Verskaf

VREDENDAL: Laerskool Vredendal het op 5 November hul jaarlikse prysuitdeling vir graad R tot 3 leerders gehou. Leerders het pryse vir uitnemendheid ontvang. Leerders het aan Calvinia, Olifantsvallei, WKOD Graad R en Klawer Kunste se eisteddfods deelgeneem. Almal wat bo 90% behaal het, het 'n sertifikaat ontvang. Daar is ook sertifikate toegeken aan leerders wat 'n gemiddelde akademiese prestasie bo 80% behaal het. Grondslagfase leerders het as volg presteer: Junior Kultuurwenner: Anke Roux, Dogterskaakspeler van die Jaar: Ezra Avontuur, Seunskakspeler van die Jaar: Almar Gagiano, Tennisspeler van die Jaar: Mia Swanepoel, Junior Seunsatleet van die Jaar: Cianu van der Watt, Junior Dogtersatleet van die Jaar: Ava Cloete. Leerders wat aan buitesport deelgeneem het, het ook toekennings ontvang. Ruby Scheepers (graad 3) het die Junior Danser Wisseltrofee van Annelie's Dance Academy ontvang. Karate: Uitsonderlike presteerder in Goju Ryu Karate - Anné Greeff (graad 1) en gimnastiek: Level 2 gimnas - Megan Maritz (graad 2). Twee honderd en sestig senior leerders het 6 November toekennings ontvang vir akademie, kultuur en/of sport. Erkenning is ook gegee vir leierskap en skolerpatrolië. Alle graad 4 tot 7 leerders wat 'n gemiddeld bo 80% behaal het, word met 'n akademiese balkie beloon.

Die top 3 akademiese leerders in graad 4 is: 3de - Andreas Muntingh, 2de - Nijean de Villiers en 1ste - Jana van der Westhuizen. Die graad 5's is: 3de - André Kleynhans, 2de - JD Swanepoel en 1ste - Lily Brand. In graad 6 is Denicke Coetzee - 3de, Lula

van Zyl - 2de en Mia Harris - 1ste. Aliana Beukes is 3de in graad 7, Mareli van der Westhuizen - 2de en in die eerste plek is Leentje Swanepoel.

Spesiale toekennings is gemaak aan die Senior Kultuurwenner - Lula van Zyl, Wiskunde Toekenning Graad 7 - Leentje Swanepoel, Victor Ludorum - Victor Lategan, Victrix Ludorum - Adilah de Villiers, Dogtersatleet van die Jaar - Dané Lans, Seunsatleet van die Jaar - Victor Lategan, Krieketspeler van die Jaar - Rianco van der Watt, Netbalspeelster

van die Jaar - Dané Lans en Adilah de Villiers, Rugbyspeler van die Jaar - Marcello Vries, Dogterstennisspeler van die Jaar - Aliana Beukes, Seunstennisspeler van die Jaar - Leighton Saal, Veelsydigste Sportdogter van die Jaar - Dané Lans en Veelsydigste Sportseun van die Jaar - Geo Klein.

Die skool het ook 2026 se hoofleiers aangekondig. Die hoofseun is Erik Basson, hoofdogter is Niané Lans, Janes van Niekerk is onderhoofseun en Lula van Zyl onderhoofdogter.



Janes van Niekerk, Erik Basson, Niané Lans en Lula van Zyl.



Leerders in die seniorfase wat spesiale toekennings ontvang het.



Agter is Cianu van der Watt, Ava Cloete en Mia Swanepoel. Voor is Almar Gagiano, Anke Roux en Ezra Avontuur.

"Success isn't always about greatness. It's about consistency. Consistent hard work leads to success. Greatness will come."
—Dwayne Johnson

ERVARE TREKKERDRYWER

word benodig vir die oes seisoen

Vereistes:

- Moet kode 10 lisensie hê.
- PDP sal voordelig wees.
- Moet verkieslik vorige trekker ry ondervinding hê.
- Moet in spanverband kan saamwerk.
- Sober gewoontes.

Sluitingsdatum: 1 Desember 2025.
Vir verdere navrae skakel 072 513 5917.

PepsiCo (S A D)

Vakatures vir

SEISOENSWERKERS

Rosyne inname 2026

Beraamde kontraktydperk:

12 Januarie 2026 tot middel April 2026

Vereistes:

- Minimum Graad 10
 - Sober gewoontes
 - Geldige verkhyserlisensie sal in aansoeker se guns tel
- Aansoekers moet aanmeld by SAD vir onderhoude op 8 Desember 2025 om 8:00 met geldige dokumentasie:
- Identiteitsdokument
 - CV met vorige werksgeskiedenis
 - Geldige verkhysercertifikaat (indien daarvoor beskik)
 - Bewys van bankrekening

Vir navrae skakel 027-213 1996.

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verloop van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Tafeltennisspelers wys hul kan

Berig en foto: Verskaf

MATZIKAMA: Die Weskus Tafeltennis Federasie het Saterdag, 15 November hul derde Sentrale Ligatoernooi voltooi by Liebenberg Primêr in Malmesbury. Daar was 73 inskrywings, 26 damesspelers en 47 manspelers. Dit sluit in spelers van Vredendal, Vanrhynsdorp, Malmesbury en spelers van Kaapstad. Die kompetisie is in goeie gees gespeel, die spelers het dit baie geniet en sportman-gees het geseëvier. Die uitslae van die toernooi: O/9 meisies: 2de plek silwer - As- haan Louw (Vergenoeg Pri- mêr) en 1ste plek goud - Ezra- h Avontuur. O/11 meisies: 2de plek silwer - Des-Leigh Booy- sen (Maskam Primêr). O/11 seuns: 2de plek silwer - Tess- will Fortuin (Maskam Primêr) en 1ste plek goud - Sergio- no Bocks (Maskam Primêr). O/13 meisies: 2de plek silwer - Akheela Djeudje (Vredendal- Noord Primêr) en 1ste plek goud - Skylyn Joseph (Top Ta- feltennisklub). O/13 seuns: 2de plek silwer - Njongo Ngqula

(Top Tafeltennisklub) en 1ste plek goud - Jordan Mackrill (Top Tafeltennisklub). O/15 meisies: Silwer - Skylyn Joseph (Top Tafeltennisklub) en goud - Adrunecia de Villiers (Vredendal Senior Sekondêr). O/15 seuns: Silwer - Jordan Mackrill (Top Tafeltennisklub) en goud - Njongo Ngqula (Top Tafeltennisklub). O/19 meisies: Silwer- Zainick Swartz (Vredendal Senior Se- kondêr) en goud - Adrunecia de Villiers (Vredendal Senior Sekondêr). O/19 seuns: Sil- wer - Hayden Perrang (Hoër- skool Vanrhynsdorp) en goud - Hi- quin Fortuin (Hoërskool Vanrhynsdorp). Senior Vroue: Silwer - Zainick Swartz (Vredendal Senior Se- kondêr). Senior mans: Silwer - Amaru Joseph en goud - Hay- den Perrang. Die Weskus Tafeltennis Fe- derasie bestuur wil graag die volgende organisasies be- dank vir hulle bydrae tot 'n suks- esvolle toernooi: Departem- ent Sport en Kultuursake, Naphakade Primêr, Lieben-



Spelers wat medaljes ontvang het.

berg Primêr, Vredendal Senior Sekondêr, Vredendal-Noord Primêr, Vergenoeg Pri- mêr, Maskam Primêr en Hoërskool Van- rhynsdorp. Die volgende ontwikkelingstoernooi vind plaas op Saterdag, 6 Desember te Doring- baai. Vir meer inligting kontak gerus die sekretaris Danritsch Booyesen by 061 982 9491 of 027 201 3491.



Leerders tydens die kamp.

Avontuurkamp

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Die graad 4 tot 7 leerders van Pomario het Vrydag, 7 November na die pragtige Biedouw- valleï in die Cederberg vertrek vir hulle avontuurkamp. Die hoofdoel van die kamp was om meningsvolle verbintenisse met mekaar, met die natuur en met God te vorm. Die leerders het in spanne verdeel en deelgeneem aan opwindende aktiwi- teite soos hindernisbane en boere- sport. 'n Hoogtepunt was beslis die heerlike afkoel in die water op die warm Saterdag waar die temperatuur byna 40°C bereik het. Saterdagoggend het die hoof, Johan Jordaan die leerders bymekaarge- roep vir 'n spesiale boodskap. Jor- daan het met hulle gesels oor die belangrikheid daarvan om skuiling te vind by dit wat permanent is. Saterdagagaand het die spanne me- kaar die stryd aangesê in 'n potjiekos- kompetisie. Daar was groot pret, spanwerk en kreatiwiteit. Die kinders het die ervaring ongelooflik geniet en ook baie geleer oor samewerking, respek en deursettingsvermoë. Die personeel is dankbaar vir 'n geseënde, veilige en vreugdevolle kamp.



MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT

NOTICE/KENNISGEWING

ADVERTENSIE VIR OUDITKOMITEE LEDE (2025/26 TOT 2028/29)

Aansoeke word ingewag van persone wat oor die nodige kennis en ondervinding van finansiële state, risiko bestuur en prestasie meting beskik om as lid van 'n onafhanklike Ouditkomitee te dien. Aansoekers moet woonagtig wees in die jurisdiksiegebied van die Matzikama Munisipaliteit, wat insluit die dorpe, Vredendal, Klawer, Vanrhynsdorp, Lutzville, Strandfontein, Doringbaai, Koekenaap, Ebenhaeser, Bitterfontein, Kliprand, Nuwerus, Molsvlei, Stofkraal en Rietpoort, met inbegrip van die landelike gebied, of wat gevestigde belange in die gebied het.

Die Ouditkomitee word ingestel ingevolge die bepalings van die "Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No 56 van 2003) en word die lede aangestel vir 'n vaste tydperk en vir sy dienste vergoed soos deur die Raad vasgestel.

Aansoeke van belangstellendes, vergesel van 'n volledige CV met besonderhede insluitend hul kennis en ondervinding op die gebied van finansies, risiko bestuur en prestasie meting moet die ondergetekende nie later nie as 5 Desember 2025 om 12:00 bereik.

APPLICATION FOR MEMBERS OF THE AUDIT COMMITTEE (2025/26 TO 2028/29)

Applications are invited from persons who have the necessary knowledge and experience of financial statements, risk management and performance management to serve as members of an independent Audit Committee. Applicants must reside within the area of jurisdiction of the Matzikama Municipality, which includes the towns Vredendal, Klawer, Vanrhynsdorp, Lutzville, Strandfontein, Doringbaai, Koekenaap, Ebenhaeser, Bitterfontein, Kliprand, Nuwerus, Molsvlei, Stofkraal, Rietpoort and inclusive of the rural area, or have vested interests in the said area.

The Audit Committee is established in terms of the Local Government: Municipal Finance Management, 2003 (Act No 56 of 2003). The members will be appointed for a fixed period and will be remunerated for their services, as per Council determination.

Applications from interested persons, accompanied by a comprehensive CV, including their knowledge and experience in the fields of finances, risk management and performance measurement, must reach the undersigned not later than 5 December 2025 at 12:00.

**LJ PHILLIPS
MUNISIPALE BESTUURDER/
MUNICIPAL MANAGER
KENNISGEWING NO/
NOTICE NO: K18/2025 - 2026**

**MUNICIPAL OFFICES,
37 CHURCH STREET
PO BOX 98
VREDENDAL, 8160
TEL: 027 201 3300**

IN THE MAGISTRATE'S COURT FOR THE DISTRICT OF CLANWILLIAM HELD AT CLANWILLIAM

Case Nr: 389/2019

In the matter between:
CLANWILLIAM HILLS HOMEOWNERS ASSOCIATION Execution Creditor
and
CHRISTINE POOL Execution Debtor
(Identity No.: 470714 0159 183)

NOTICE OF SALE IN EXECUTION: IMMOVABLE PROPERTY

IN EXECUTION of a judgment of the Clanwilliam Magistrate's Court, obtained on 15 October 2020, in the abovementioned, a sale of the below-mentioned property will be held by the Sheriff Clanwilliam at the Sheriff's Office Clanwilliam situate at **7 Mark Street, Clanwilliam, Western Cape Province** on **11 December 2025** at **10:00**, the conditions which will lie for inspection at the offices of the Sheriff Clanwilliam prior to the sale.

ERF: **2918, CLANWILLIAM HILLS, OU KAAPSEWEG, CLANWILLIAM** situated in **Clanwilliam, Western Cape Province**.

IN EXTENT: 571 (five-hundred and seventy-one) square meters

HELD BY: Deed of Transfer Number **ST6564/2016**

The Purchaser shall in addition to the Sheriff's commission, which is 6% (six percent) on the first R100 000.00 of the proceeds of the sale up to a price of R100 001.00 (one hundred thousand and one Rand) and thereafter 3.5% (three comma five percent) on R100 001.00 (one hundred thousand and one Rand) to R400 000.00 (four hundred thousand Rand) and thereafter 1.5% (one comma five percent) on the balance of the proceeds of the sale subject to a maximum commission of R40 000.00 (forty thousand Rand) plus VAT in total and a minimum of R3 000.00 (three thousand Rand) plus VAT, pay a deposit of 10% of the purchase price in cash or bank guarantee cheque on EFT into the Sheriff's trust account immediately on the fall of the hammer or in any customary manner and the balance against transfer which shall be secured by a Bank or Building Society guarantee in a form acceptable to the Execution Creditor's conveyancers, which guarantee shall be delivered by the Purchaser to the Acting Sheriff within twenty-one (21) days from the date of the sale and shall provide for the payment of the full balance and any such interest payable as provided for hereunder.

Take further note that:

1. This sale is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above court.
2. The Rules of this auction and a full advertisement is available 24 hours before the auction at the office of the **Sheriff Clanwilliam** located at **7 Mark Street, Clanwilliam, Western Cape Province**.
3. Registration as a buyer is a pre-requisite subject to conditions, inter alia:
A) Directive of the Consumer Protection Act, No. 68 of 2008 ("CPA"). (URL <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961>)
B) Financial Intelligence Centre Act, No 38 of 2001 ("FICA") legislation in re-pect of proof of identity and address particulars.
C) Payment of a Registration Fee of R50 000.00 (fifty thousand Rand) in electronic funds transfer that must reflect in the Sheriff's account prior to the sale.
D) Registration conditions: no person will be allowed on the premises if they are not registered for FICA and CPA.

The office of the Sheriff for **Clanwilliam** will conduct the sale.

Advertising costs at current publication rates and sale costs according to court rules apply.

4. The aforesaid sale shall be subject to the Conditions of Sale which may be inspected at the Office of the Sheriff **Clanwilliam** located at **7 Mark Street, Clanwilliam, Western Cape Province**, during normal office hours Monday to Friday.

DATED AT **CAPE TOWN** ON THIS **31 DAY OF OCTOBER 2025**.

BICCARI BOLLO MARIANO INC.
Execution Creditor's Attorneys
5 Leeuwen Street, Cape Town
P O Box 16413, Cape Town, 8018
Tel: 021 422 2173
Email: annabella@bbmlaw.co.za
Ref: B Rossouw / as / KM1437

Adverteer
dit werk!

Skakel ons
kantoor vir meer
inligting,
027 213 2074



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

28 NOVEMBER 2025

Stempels

BesikbaAR by
ONS KONTREI
KANTORE,
CENTRALSTRAAT 8
VREDENDAL
Tel: 027 213 2074



Hengelaars is met 'n asemrowende sonsondergang bederf.

Goeie vangs vir hengelaars

Berig: Annemarie Munnik
Foto's: Verskaf

CLANWILLIAM: Spartan Hengelklub het 8 en 9 November by Bulshoekdam bymekaargekom vir 'n lekker hengelnaweek. Tussen die lede is daar 68 karpe en 30 babers gevang met 'n totale gewig van 226.73 kg. Aiden Koopman het 19 visse gevang met 'n gewig van 67.36kg, hy stel ook 'n nuwe klubrekord op. Frikkie van Dyk was tweede met 21 visse van 45.59 kg. In die derde plek is Niël du Toit met 10 visse van 18.64 kg. Carina Visser stap in die vroue-afde-

ling met die eerste plek weg. Sy vang 9 visse van 24.5 kg. Bianca Liebenberg is tweede, ook met 9 visse, maar slegs 18.95 kg. In die junior-afdeling is Daniel du Toit 1ste met 9 visse van 13.45 kg, Charlton Mouton tweede met 4 visse van 13.115 kg. Zelda van Dyk is derde met 5 visse van 7.62 kg, sy vang ook die grootste baber van 1.725 kg. Paul Liebenberg stap weg met die grootste karp van 4.335 kg. Die klub het Saterdag, 29 November hul jaarafsluiting by die Tiekie Bar.



Aiden Koopman en Frikkie van Dyk.



Daniel du Toit en Frikkie van Dyk.



Carina Visser en Frikkie van Dyk.



Paul Liebenberg en Frikkie van Dyk.

Lutzville Gholfdag onthou stigter

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Na die heerlike Sundowner Besigheidsliga wat Vrydag, 21 November deur Vredendal Toyota aangebied is, het Lutzville Gholffklub Saterdag nog 'n Legendes Gholfdag aangebied. Hansie Visser of "Pappa Joe" soos hy alombekend was, was 'n stigterslid, asook voormalige voorsitter van die klub. Die voortbestaan van Lutzville Gholffklub was vir hom baie belangrik en daarom was die dag se formaat dan 'n American Scramble kompetisie, met 'n gholfspeler en 'n groentjie as span. Die wenners van die dag was Handré van Zyl en Izan Coetzee. Die groot aantal nuwe spelers en juniors wat ingeskryf het, sou vir Visser verblydend gewees het. Lutzville Gholffklub bedank elke speler, vriend en borg, asook die potmakers wat die dag bygewoon en suksesvol gemaak het.



JJ Visser, Handré van Zyl en Izan Coetzee.

Namakwa-tak sluit jaar af

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Kaap Jag Namakwa-tak het op 22 November hulle jaar afgesluit. Die skuts is bederf met 'n ghongbaan wat hul op verskillende posisies moes skiet. Dit was 'n heerlike sosiale kuier skiet en was dus nie 'n kompetisie nie. Namakwa-tak bedank graag borge en lede vir hul ondersteuning. Met die fondsinsamelings kon hulle 'n 12m skeepshouer vir die klub koop. Dit gaan omskep word in die nuwe skietklub se klubhuis op die baan.



Albert Gagiano neem getrou deel.

Swemmers laat rekords spat

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL:Pomario Onafhanklike Skool se swemmers het op Woensdag, 5 November aan 'n swemgala te Porterville deelgeneem waar hulle teen vyf ander skole meegeding het. Die swemmers het uitstekend presteer.

Die groepie van 12 swemmers het altesaam 21 goud, 9 silwer en 16 brons-medaljes verower en somer ook 'n paar rekords laat spat. Die personeel wens elkeen geluk met sy/haar prestasie en sê die leerders maak hulle trots.



Agter is Zané Esterhuizen, André Mouton, Antru Esterhuizen, Anlo Esterhuizen en Anthony le Roux. In die middel is Albert de Kock, Cumé Mouton, Rouxlé Kotzé en Marguerite Mouton. Voor is Linah Mouton en Liam Brand.